# CAD
# ONS ROL EN UITGANSPUNT

1. Die CAD se Rol
2. Uitganspunt
3. Bykomende doelstellings
4. Fig 1.1: Hoof- en Bykomende Doelstellings van die CAD
5. Veranderings in die Afhanklikheidspatroon
6. DIE TIEN NUGTERHEIDSRIGLYNE VAN DIE CAD
6.1 Riglyne vir die Substansafhanklike
6.2 Riglyne vir die Medeafhanklike

## ROL

Die CAD se uitgangspunt by die identifisering, versorging en behandeling van substansafhanklikes word in die hoofdoelstelling van die organisasie weergee, nl **om te verseker dat herstellende substansafhanklikes, hulle weerhou van die gebruik van afhanklikheidsvormende substanse.**

Daardeur aanvaar die CAD dat substansafhanklikheid identifiseerbaar en behandelbaar is, en dat die substansafhanklike fisies, psigies, maatskaplik en godsdienstig gehelp kan word om nugter te word en te bly.

In die voorsiening van sodanige hulp, aanvaar die CAD verder dat wetenskaplik gefundeerde benaderings tot die identifisering, detoksifikasie, rehabilitasie en herstel van substansafhanklikes nodig is. Die CAD se rol in die hantering van substansafhanklikes sluit dus in:

- identifisering van afhanklikes vir behandeling deur afhanklikheidsbehandelingsentra;
- finansiële en praktiese ondersteuning van die afhanklike en die betrokke naasbestaandes en/of medeafhanklikes tydens en na afloop van behandeling;
- verskaffing van onderlinge ondersteuning, groepsverbondenheid en terapeutiese groei aan herstellende substansafhanklikes en hulle naasbestaandes en/of medeafhanklikes, tydens en na voltooiing van die behandeling van sodanige afhanklikheid deur ‘n afhanklikheids-behandelingsentrum.

In samewerking met die Staatsdepartemente en organisasies betrokke met die opstel, uitvoer en evaluasie van die bekamping van

substansafhanklikheid; kerke; besigheidsorganisasies; skole en ander belanghebbende organisasies en –indiwidue, poog die CAD om:

- weerbaarheid teen afhanklikheidsvorming te bevorder en;
- nasorgdiens aan herstellende substansafhanklikes en hulle naasbestaandes en medeafhanklikes te lewer.

In die vertolking van hierdie rol is die CAD se funksionering gegrond op die Bybel as die onfeilbare Woord van God en poog die CAD om die Christelike etos, waardestelsel en –leefwyse uit te leef en te bou.
back to top

# UITGANGSPUNT

Die konstitusie van die Christelike Afhanklikheidsdiens (die CAD) soos in November 2005 deur die Nasionale Komitee goedgekeur bepaal dat die CAD voortaan as 'n Organisasie Sonder Winsoogmerk in terme van Wet 71 van 1997 sal funksioneer. As sodanig heet die CAD se hoofdoelstelling:

**"om te verseker dat herstellende substansafhanklikes, hulle weerhou van die gebruik van afhanklikheidsvormende substanse."**

## Die bykomende doelstellings is om:

- "Met inagneming van wetenskaplik gefundeerde benaderings tot die identifisering, detoksifikasie, rehabilitasie en herstel van persone wat afhanklik is van afhanklikheidsvormende substanse en gebruike; asook met inagneming van Staatsbeleid, -wetgewing en –aksies om die aanwending van sodanige substanse en gebruike te bekamp, het die CAD ten doel die:
- identifisering van afhanklikes vir behandeling deur afhanklikheidsbehandelingsentra;
- finansiële en praktiese ondersteuning van die afhanklike en die betrokke naasbestaandes en/of medeafhanklikes tydens en na afloop van behandeling;
- verskaffing van onderlinge ondersteuning, groepsverbondenheid en terapeutiese groei aan herstellende substansafhanklikes en hulle naasbestaandes en/of medeafhanklikes, tydens en na voltooiing van die behandeling van sodanige afhanklikheid deur 'n afhanklikheids-behandelingsentrum.

In samewerking met die Staatsdepartemente en organisasies betrokke met die opstel, uitvoer en evaluasie van die bekamping van substansafhanklikheid; kerke; besigheidsorganisasies; skole en

ander belanghebbende organisasies en –individue, poog die CAD om:

- weerbaarheid teen afhanklikheidsvorming te bevorder;
- nasorgdiens aan herstellende substansafhanklikes en hulle naasbestaandes en medeafhanklikes te lewer, en
- die Christelike etos, waardestelsel en –leefwyse uit te leef en te bou."

Fig 1.1 is 'n uitbeeldiong van die verwantskap van die hoof- en bykomende doelstellings van die CAD. Kortom gestel is die doelstellings: Gegrond op die Christelike etos, waardestel en –leefwyse:

- **Nugterheid:** verseker dat herstellende substansafhanklikes hulle weerhou van die gebruik van afhanklikheidsvormende substanse;
- **Behandeling:** identifiseer afhanklikes vir behandeling;
- **Ondersteuning:** ondersteun herstellende substansafhanklikes deur nasorg en herintegrasie in die gemeenskap;
- **Groei:** voorsien terapeutiese groei aan herstellende substansafhanklikes en hul mede-afhanklikes, en
- **Weerstand:** bevorder weerstand teen substansafhanklikheid.

back to top

**Fig 1.1: Hoof- en Bykomende**

back to top

## Veranderings in die Afhanklikheidspatroon

Betroubare navorsing dui aan dat die gebruik en die gebruikspatroon van substansafhanklikes aan die verander is en dat getalle en soorte substansafhanklikheid drasties toeneem. Dit word bv gewys dat:

tussen 10% en 33% van volwassenes aan 'n alkohol afhanklikheidsprobleem ly dws tussen 1,8 en 3-miljoen Suid-

Afrikaners;

vyf-en-twintig persent van pre-tieners reeds dwelms probeer het dws ongeveer 2,5-miljoen;

sewe-en-veertig persent van substansafhanklikes alkohol as middel van eerste keuse gebruik;

ongeveer 9% van dwelmafhanklikes dui kokaïne as middel van eerste keuse aan, e

twee-persent heroïne.

“Nuwe” dwelms en die sg “ontwerper dwelms” maak elke dag hul verskyning. Om maar twee te noem bv het metamfetamien-kristalle (tuk-tuk) sy verskyning gemaak, goedkoop en redelik maklik verkrygbaar. Onlangs het die gebruik van freon-gas, beskikbaar as sg bevrore-lug begin populêr word.

Die dwelmbedryf se uitwerking op die ekonomie is bekend, asook die koppeling tussen substansafhanklikheid, werkloosheid, kriminele dade en geweld. Daar word algemeen aanvaar dat die dwelmbedryf die wêreld se tweede grootste is, net na die wapenbedryf en voor prostitusie.
back to top

**DIE TIEN NUGTERHEIDSRIGLYNE VAN DIE CAD**

Om die rol van die CAD in praktiese terme uit te druk en om dit in aksies oor te skakel het die organisasie tien nugterheidsriglyne opgestel wat die basis vorm van die aksies en die strewe van die organisasie in woorde omsit.

Die tien nugterheidsriglyne van die CAD berus op die uitgangspunt dat substansafhanklikheid identifiseerbaar en behandelbaar is. Verder, dat die beginpunt van hiedie proses die aanvaarding en erkenning van afhanklikheid deur die substansafhanklike is, en sy of haar verbintenis tot ‘n nugter lewensstyl.

Die CAD aanvaar ook dat die substansafhanklike nie alleen oor die langtermyn nugter kan bly nie, en dat ondersteuning deur medeafhanklikes noodsaaklik is.

Dit moet beklemtoon word dat sonder hierdie aanvarding, erkenning en verbintenis daar geen wesenlike vordering kan wees tot die bereiking van ‘n nugter lewensstyl deur die substansafhanklike nie. Terselfdertyd is die aanvaarding, erkenning en verbintenis tot hulpverlening deur die

medeafhanklike essensieel vir die bereiking van ‘n nugter lewensstyl deur die substansafhanklike.
back to top

## Riglyne vir die Substansafhanklike

Die tien nugterheidsriglyne en dus die kern van die rol wat die substansafhanklike in die CAD speel, word in die volgende drie kernbesluite vervat.

**Ek erken die bestaan van my probleem en die aard daarvan.** Om te *erken* beteken dat ek beken dat dit waar is dat:

1. Ek ‘n *substansafhanklike* is, of dat ek ‘n *substansafhanklikheidsprobleem* het, en ek aan ‘n *chroniese, terugvallende en dodelike siekte* ly waarvoor daar geen genesing is nie behalwe ‘n nugter lewensstyl;
2. my substansafhanklikheid *gestrem* kan word, maar slegs deur algehele en lewenslange weerhouding, met ander woorde slegs indien ek nugter bly vir die res van my lewe.

**Ek aanvaar aanspreekliheid vir my probleem en die behoefte aan hulp in die oplossing daarvan.** Die *aanvaarding van aanspreeklikheid* beteken dat ek glo dat:

3. *Ek alleen die besluite gemaak het* wat tot my substansafhanklikeheid gelei het;
4. *Ek alleen die besluite kan maak* wat nodig is om my substansafhanklikheid te strem;
5. Ek myself moet *vergewe en die vergifnis van die Here en ander* moet soek vir die onreg wat ek teenoor myself, Hom en ander gepleeg het terwyl ek onder die invloed was van afhanklikheidssubstanse;
6. Ek *geduldig* moet wees terwyl ek en ander die veranderings in lewensstyl maak wat essensieel is vir my lewenslange nugterheid;
7. Ek die *ondersteuning, krag en leiding* van die Here en van ander wat my probleem verstaan nodig het om die lewensstylveranderings vol te hou wat essensieel is vir my lewenslange nugterheid.

**Ek verbind myself tot nugterheid en nuttigheid.** Deur myself te *verbind tot nugterheid en nuttigheid* beteken ek dat ek plegtig belowe om alles in my vermoë te doen om:

8. met die verlede agter my, ‘n *nugter lewensstyl* in die Christelike etos uit te leef;

| | |
|---|---|
| 9 | *te groei en te ontwikkel* sodat ek ander kan ondersteun wat my hulp nodig het om nugter te bly, en |
| 10 | *ander te vertel* van my nugterheid en hulle aan te moedig om nugter te word. |

back to top

## Riglyne vir die medeafhanklike

Die tien nugterheidsriglyne en dus ook die kern van die rol van die medeafhanklike in die CAD word in die volgende drie kernbesluite vervat.

**Ek erken die bestaan van my medeafhanklike se probleem en die aard daarvan.** Om te *erken* beteken dat ek beken dat dit waar is dat:

| | |
|---|---|
| 1 | Ek 'n *medeafhanklike* is, of dat ek betrokke is by 'n *substansafhanklike* wat aan 'n *chroniese, terugvallende en dodelike siekte* ly waarvoor daar geen genesing is nie behalwe 'n nugter lewensstyl; |
| 2 | die substansafhanklikheid *gestrem* kan word, maar slegs deur algehele en lewenslange weerhouding, met ander woorde slegs indien my medeafhanklike nugter bly vir die res van sy of haar lewe. |
| | **Ek aanvaar aanspreekliheid vir hulp aan my medeafhanklike in die oplossing van die afhanklikheids-probleem.** Die *aanvaarding van aanspreeklikheid* beteken dat ek glo dat |
| 3 | *Ek alleen die besluite kan maak* wat tot my hulpverlening in die bereiking van nugterheid kan lei; |
| 4 | *Ek alleen die besluite kan maak* wat nodig is om my medeafhanklike se substansafhanklikheid te help strem; |
| 5 | Ek myself moet *vergewe en die vergifnis van die Here en ander* moet soek vir die onreg wat teenoor myself, Hom en ander gepleeg is terwyl my medeafhanklike onder die invloed was van afhanklikheidssubstanse; |
| 6 | Ek *geduldig* moet wees terwyl ek en ander die veranderings in lewensstyl maak wat essensieel is vir my medeafhanklike se lewenslange nugterheid; |
| 7 | Ek die *ondersteuning, krag en leiding* van die Here en van ander wat my probleem verstaan nodig het om die lewensstylveranderings vol te hou wat essensieel is vir my medeafhanklike se lewenslange nugterheid. |
| | **Ek verbind myself tot my medeafhanklike se nugterheid en nuttigheid.** Deur myself te *verbind tot my medeafhanklike se nugterheid en nuttigheid* beteken ek dat ek plegtig belowe om alles in my |

| | |
|---|---|
| | vermoë te doen om: |
| 8 | met die verlede agter my, my medeafhanklike te help om ‘n *nugter lewensstyl* in die Christelike etos uit te leef; |
| 9 | *Te groei en te ontwikkel* sodat ek ander kan ondersteun wat my hulp nodig het om nugter te bly, en |
| 10 | *ander substansafhanklikes te vertel* van nugterheid en hulle aan te moedig om nugter te word. |

back to top